

# KOERSVAS

Jaargang 6      Uitgawe 129 9 Februarie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



## REDAKSIONEEL

### Ondankbare manipulasie

Beskryf in een woord die gesindheid van die owerheid van die dag: Ongenaakbaar. Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal beskryf ongenaakbaar as: "Wat ander op 'n afstand hou, nie toegeeflik of tegemoetkomend of bereid om ander aan te hoor nie." Dit is tipies van die sogenaamde liberale denke. Die liberalis se argument klink iets soos die volgende: "*Wees redelik, sien sake soos ek dit sien.*" Ons mense ervaar daardie standpunt tot die uiterste toe deurgevoer op die oomblik. Die narratief van die sogenaamde "booshede van rassitiese apartheid" moet telkens versterk word om ons by herhaling weer te probeer onderdruk. Ons moet tog net nie tot verhaal kom en iewers standpunt inneem nie.

Die vorige uitgawe van Koersvas het afgesluit met die woorde: "Baie van dit wat in die verlede gebeur het, was verkeerd. Niks wat nou gebeur, regverdig die blatante intimidasie en diefstal wat ons te beurt val nie." Met hierdie woorde is die feilbare mens se bestaan onderstreep as een vol foute. Mense het al in die verlede gestruikel, sal weer in die toekoms foute maak. Vra enige ouer, daar is altyd iets wat die ouer anders sou wou doen. Die stelling erken dat daar

foute gemaak is sonder om die verlede te wil verguis.

Hierdie stelling word aangevul met die keerkant van die munt. Die goeie wat gedoen is, die voordele wat nou as vanselfsprekend aanvaar word, die rykdom wat geplunder word sonder 'n dankie. Die weiering om die waarheid ten minste te erken, het duidelik geword met die woordestorms wat ontstaan het toe Helen Zille dit "gewaag" het om te stel dat nie alles van kolonialisme verkeerd/sleg was nie. Was daar meer water in die Kaap, sou hulle haar sekerlik op 'n massiewe brandstapel met naas onblusbare vuur wou plaas.

Hierdie mense wat deur manipulasie en gefabriseerde skuldgevoelens die blanke wil bly onderdruk, is smulpape van die vrugte van blanke teenwoordigheid in ons skone land. Blankes is nie kolonialiste nie, maar boorlinge van Afrika. Ons kan nie ontken dat kolonialisasie 'n impak op ons land gehad het nie, dat blankes die landskap ingrypend verander het. Die huidige maghebbers slaap in 'n bed wat ten duurste getoets is en goeie slaap waarborg. Hulle word wakker, skakel die ligte, die radio of televisie aan, stap na die badkamer, maak gebruik van al die voordele wat lopende water en goeie riool sisteme bied. Hulle trek Gucci pakke aan en klim in DDMs (Fanus se Duur Duitse

Motors), ry op geteerde paaie, parkeer onderdak en gebruik 'n roltrap na lugversorgde kantore. Natuurlik het nie almal van die nuwe elite hierdie voordele nie. Tog word sake soos lopende water, goeie riolering, basiese onderwys, behuising en toegang tot elektrisiteit as basiese menseregte gesien. Dit word in aller haas aan almal voorsien. Alles die produk van 'n vorige politieke sisteem wat nou as 'n misdaad teen die mensdom beskryf word. (Vreemd hoe sekere handeling met vryheid tot misdade verklaar word). Self die stygende lewensverwagting (In sestig jaar gestyg van 47 tot by 61, net om volgens die nuutste VSA navorsing weer op 48.7 te staan) is die produk van Westerse beskawing. Daar is soveel bydraes wat deur die Afrikaanses, die Boere, gelewer is.

Dit is nie nodig om daardie prestasies en bydraes op te hemel nie. Dit is net nodig om erkenning te gee aan die mense op wie se skouers jy staan. Die propaganda-masjien werk ongelukkig nie so nie. Die teikengroep vir onderdrukking en uitbuiting moet gedemoniseer word. Daarom sal daar geen woord van dank gespreek word nie. 'n Woord van dank kan dalk net ruimte vir asemhaal laat. Die druk moet volgehou word. Daar sal net vingers gewys word. Skuldig, SKULDIG! Dit is ook waarom elke insident, hoe netelig ookal, aan die grootklok gehang moet word. Soos ons mense gereserveerd raak, is ons optrede al hoe meer getemper deur knerstande. So gebeur dit dat 'n onnosel maar desperate afskrikpoging soos 'n kisdreigement aanleiding gee tot skuldigbevinding aan poging tot moord. Ons moet tog ook nie verbaas wees wanneer 'n oulike T-hemp slagspreek tot plunderaanleiding gee nie. Daar moet altyd nuwe

insidente geskep word om ons op die agtervoet te hou.

Die gebrek aan "dankie" het gemaak dat Sonop koshuis by Tuks nou op aandrang van die DA-beheerde studenteraad nie mag deelneem aan enige studente aktiwiteite nie omdat hulle nie verbind is tot "transformasie" nie (dit beteken eintlik hulle is te wit en te Afrikaans). Om verbind te wees tot transformasie, is om gewillig na die slagpale te stap. Selfs sonder die woord "dankie" moet ons beseft dat ons voorouers baie bygedra het tot hierdie land. Ons moet beseft dat ons baie het om op trots te wees. Dat ons nou genoeg uitgebuit is. Dat ons trots mag wees op ons eie identiteit.

Hou maar daardie dankie, ons is nie daarvan afhanklik nie. Ons het genoeg trots en waardigheid in onself opgesluit.

### **BERIGTE EN KENNISGEWINGS VERGADERINGS**

- Die Kuratorium vergader op Maandag 19 Februarie 2018. Lidmate wat van voorneme is om Teologie te studeer in 2019, of besig is met teologiese studies en as Bondsprekante wil kwalifiseer, moet die skriba van die Kuratorium, ouderling Pieter Geyser van Meyerspark, so gou doenlik kontak.

### **POTCHEFSTROOM: STUDENTE EN JONG, WERKENDE LIDMATE**

- Die Hervormde Kerk - Die Wilge, verwelkom alle studente en jong, werkende lidmate in Potchefstroom. U word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon en by die gemeente-aktiwiteite in te skakel.
- Die kerk is op die h/v Waterboklaan en Vygiestraat, Miederpark, Potchefstroom

- Eredienste is (slegs) Sondag-oggend om 9h30.
- Vervoer kan gereël word, indien nodig.
- Ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) is 24 uur beskikbaar in geval van nood."
- Kontak-inligting van eerstejaar-, sowel as huidige studente, asook werkende lidmate kan deurgegee word aan ds Gawie Wolmarans (082 853 3053) en Liza le Roux (072 442 8515). Inligting kan ook per e-pos gestuur word.
- Die Wilge ontvang graag u gemeente se "kinders" en wil graag na hulle omsien in die tydperk wat hulle in Potchefstroom is. Dankie vir u aandag.  
Wilge-groete

### PREMIERMYN 50



Premiermyn Hervormde kerk is hierdie jaar 50 jaar oud. Die amptelike verjaarsdag is 10 Februarie. Die gemeente gaan in die loop van die jaar \*2018) verskeie geleenthede aanbied om die mylpaal te vier, waaronder die Ricus Nel-konsert, die Hippië lente basaar en 'n feesbundel wat uitgegee word. Die eerste geleentheid is eerskomende Nagmaal. Op 18 Februarie 2018 gaan die gemeente by wyse van Nagmaal en 'n aansit-ete aan die Here dank en hulde bring. Vorige ampsdraers word vriendelik uitgenooi om hierdie eerste geleentheid by te woon. U kan skakel met ouderling Tom Greeff (skriba) by 0824458881 of [tomcases@lantic.com](mailto:tomcases@lantic.com). U

kan ook die kantoor in kennis stel van u teenwoordigheid.

Skakel Woensdag 0127340130.

### GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

### GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)

Kontak Ansie Steyn van Oostelike Pietersburg by 083 630 1107 vir u gemeente se lootjie vorms. Alle lootjie vorms moet asseblief voltooid in wees **voor einde Junie**. Elke Bondsgemeente se dames word uitgenooi om lootjie lyste te neem en saam betrokke te wees by die fondsinsameling. Sodoende dra u by tot die opleiding van die Geloofsbond se jong teologie studente.

### MAKWASBYEENKOMS

Alle emeriti, hul gades en ander predikante word uitgenooi na die jaarlikse Makwasbyeenkoms te Premiermyn Hervormde kerk, Cullinan. Om winterkoue te voorkom, is die jaarlikse instelling se datum verskuif na **DV Vrydag 23 Februarie 2018**. Maak seker dat u die datum aanteken. Ons sien uit daarna om u hier te sien. Alle insette is welkom. Bevestig asseblief u teenwoordigheid teen 13 Februarie 2018.

Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 of per e-pos by [zyvette@gmail.com](mailto:zyvette@gmail.com).

### KUIERAAND

Premiermyn Hervormde kerk (Cullinan) nooi u vriendelik uit na 'n aand saam met Ricus Nel. Die begaafde kunstenaar gaan op 10 Maart 2018 vanaf 19:00 daar optree. Kaartjies is net R130 per persoon. U kan kerrie en rys bestel @R35, vroeër kom, lekker saam eet en dan die vermaak geniet. Skakel met Alta 0826801252 of epos Yvette by [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com).

### OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !  
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek  
- naby hospitaal en besighede-  
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar  
in gemeubileerde kamers  
Etes en wasgoed op afspraak  
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by  
**Villa Stoney**  
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en  
besprekings 0829082831  
[auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Die Redaksie is van die volgende brief voorsien. Dit is 'n brief vanuit een van die susterskere. Die sake wat aangeroe word is vir ons van groot belang, veral in ons nadenke oor ons kerksang. Mag hierdie brief positiewe debat stimuleer in die GHG:

*Waar begin ek? Begin ek by 14-15 jaar gelede, waar ek met die Nuwe Liedboek in my hand sit, vlugtig daar deur blaai, met 'n*

*skok besef al die ou Psalms wat so bekend is , wat ons van kindsbeen saam met ons ouers om die huis altaar gesing het, is weg, ja met slegs 'n paar agterin - daar geplaas vir die vergetelheid. Ek was verslae en hartseer, my hart het geweene.*

*Of*

*Begin ek by die opmerking van plus minus 'n jaar gelede!*

*“Die Liedboek en Nuwe Vertaling”*

*Ek haal aan: Was die kerk- Leraars, en elke gemeentelid gehoorsaam aan die Skrif se opdrag: “GELIEFDES, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan” 1 Johannes 4:1; 2 Korintiërs 2: 4, 13-15 en nog 'n lang lys van Skrif plasings volg....*

*Na 15 jaar het die hartseer oor die ou Psalms verdof tot ek nou so 'n paar weke gelede Prof VE d'Assonville se stuk gelees het: “Waarheid & Dwaling” Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel Jaargang 8, 2 Februarie 2002.*

*Die Nuwe Psalmberyming 2001–Weglatings en afwykings van die Hebreuse teks.*

*Na ek die stuk gelees het, was ek kwaad, hartseer, ontnugter en ek het myself afgevra: “HOEKOM? Hoekom? Waar was die wagtters op die mure, waar was ek, waarmee was ek besig, dat die gevaarligte, die waarskuwings wat opgegaan het, nie gehoor of gesien is nie???*

*Ek gaan slegs punte uitlig uit die stuk, om my ontsteltenis te toon:*

- **Ek het die Messiaanse verwysings verwyder**( dit is die woorde van die digter Prof TT Cloete in Rapport 4 November 2001)- dit was met opset;

*Opmerking: Die digter het nie die Gereformeerde beginsels vir die Psalm beryming 2001 gevolg nie.*

- **Die NB(Nuwe Beryming) volg 'n nuwe beginsel:** van die Skrif word weggelaat

- **Weglatings en verkeerde gebruik van God se name**

- Weglating van die **HERE se 'Tora' (Wet)**

- Weglating van die **HERE se 'beriet' (Verbond)**

- **Weglating van Christus (Cloete erken dit op 4 November 2001)**

Hier volg 'n uittreksel van Dr JG Meijer, Pretoria

Mag die Gereformeerde kerke die nuwe Psalmberyming aanvaar?

Ek haal slegs enkele punte uit:

- Die kerklike ooreenkoms om te toets

1) Wat moet getoets word? Die Sinode het besluit dat die kerke geleentheid ontvang om drie berymings te toets naamlik:

\*Die beryming van Totius,

\*Totius beryming wat deur Prof PW Buys hersien is en

\*Die nuwe beryming van TT Cloete. Die Deputate moes dus twee berymings aan Kerkrade stuur vir toetsing, te wete die hersiene Totius-en Cloete-beryming.

2) Wie moet die drie benoemde bundels toets? – Die kerke en lidmate

Die Vraag: Het die kerke en lidmate die geleentheid gekry om te toets?

- Die Toetsstene – daar is vyf toetsstene geformuleer:

1) **Skrifgetrouheid**

2) **Leerstellige suiwerheid**, laasgenoemde twee vorm saam die hoeksteen onder die vyf toetsstene.

3) **Musikaliteit**

4) **Poëtiese gehalte**

5) **Liturgiese gebruike**

Vraag wat Prof d'Assonville vra: Is die Cloete-beryming Skrifgetrou, leerstellig suiwer en dus aanvaarbaar?

**Sy antwoord: Nee!**

Aanhaling Dr JG Meijer: "So 'n beryming lewer die kerkvolk oor aan die sing van dwaling of kettery. Dit kan die HERE nie behaag nie. Die Heilige wil nie onder lofsange wat van sy Woord afwyk, woon nie."

Opmerking myself: Ons belydenis noem drie Merktekens. Calvin sê dat dit die grond pilare is waarop die Kerk rus. As een van hierdie grond pilare wegval, stort die hele gebou van die Kerk (Liggaam) ineen Instituut, Boek IV, Hoofstuk 1.29 noem 2 kentekens;

1) Suiwre Woord verkondiging

2) Sakramente soos Christus dit ingestel het

3) Tug, die derde een word deur die NGB bygevoeg.

Ek vra die vraag: "Het bogenoemde net gegeld vir die "Doppers" of geld dit vir alle kerke wat die Gereformeerde Belydenisskrifte onderskryf?

Nadat ek hierdie stukke uit "Waarheid & dwaling" van 2 Februarie 2002 gelees het, verstaan ek vir die eerste keer – die oneindige hartseer en woede van soveel mense met die Liedboek se verskyning. Die vraag, was dit die Heilige Gees wat die hartseer in soveel mense gewerk het, en ons het dit geïgnoreer.

Besef nou eers – na so baie water al vir so lank onder die brug deur is, dat die vaste grond, wat ons dink ons op staan stadig maar seker onder ons besig is om weg te kalwe en ons staan voor 'n gapende afgrond. Ons het soos nou baie onlangs Hervormingsfees gevier; herdenk ons dit om mense ingedagte te roep of doen ons self ondersoek om te kyk of ons nog op die pad is wat die hervormers vir ons aangedui het,

vra ons nog na die “Weg” Jeremia 6 : 16 “ So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siel. Maar hulle het gesê: ons wil nie daarin wandel nie.” Gaan ons ook so sê!

Leer my, HEER, u regte weë,  
wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë,  
om met lus daarop te gaan.

Wil my deur u waarheid leer,  
lei my dwalende gedagte;  
Want U is my heil, o HEER!

U is ek altyd te wagte.

Dink aan my in mededoë  
as ek biddend voor U pleit;  
Milde hande, vriendelike oë  
is by U van ewigheid.

Dink nie aan die sondes meer  
van ‘n yd’le jonkheidslewe;  
wil tog, om u goedheid, HEER,  
al my sondes my vergewe!

Ja, Gods weg is goedheid, klaarheid,  
en sy werk altyd getrou

Vir wie wandel in sy waarheid  
en op sy beloftes bou.

Wil my dan, u naam ter eer,

al my sondeskuld vergewe;  
want ek het teen U, o HEER,  
swaar en menigmaal misdrewe!  
Wie’s die man wat hier benede  
in God’s vrees sy weg wil gaan?  
God sal self sy wank’le skrede voortlei  
in die regte baan.

Al wat goed is,  
sal God’s hand hom in stilheid laat verwerwe;  
en die lank beloofde land

sal sy nageslag beërwe  
Gods geheim’nis is die lewe  
vir wie wandel in sy vrees;  
en Hy’t sy verbond gegewe  
om vir hul ‘n lig te wees;

‘k Hou my oë op die HEER  
wat my so getrou gelei het,  
want Hy voer my voete w

eer uit die net wat hul gesprei het.

(Psalm 25: 2, 3,5,6 en 7 Totius Beryming)

My bede en versugtinge is dat u as kerkraad  
die brief in ‘n baie ernstige lig sal beskou. My  
versoek dat as ons gespaar bly so vroeg as  
moontlik in die nuwe jaar van 2018 aandag  
hieraan sal gee



**Makwas  
2018**

U (en u gade) word hartlik uitgenooi na ons  
jaarlikse Makwasbyeenkoms op Vrydag 23 Februarie  
om 10:30 te Premiermyn Hervormde Kerk,  
Zonderwaterstraat, Cullinan.  
Kom nuttig 'n heerlike bederf-ete en kuier saam  
met ander emeriti en hul gades.  
Met vriendelike groete die Dorkas.



*Riens Nel*

*10 Maart 2018  
om 19:00*

*Hervormde Kerk,  
Cullinan*

*H/v Zonderwater & R515*

*R130-00 per persoon*

*Kerrie & Rys R35-00*

*bestel vooraf by Alta*

*Besprekings:*

*Alta 082 682 1252*